

# DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 19

## [LEIERSKAP]

### ONTWIKKELING VAN LEIERSKAP IN DIE KERKGESKIEDENIS

Vandag HET verskillende kerkgenootskappe ook verskillende leierskapstrukture.

Hoe het hierdie ontwikkeling plaasgevind? Die bedoeling van hierdie studie is nie om die leierskapstruktuur van jou gemeente te wysig nie, maar gee 'n samevatting van die historiese ontwikkeling van verskillende leierskapstrukture in die Kerk NA DIE VOLTOOIING VAN DIE NUWE TESTAMENT OPENBARING.

#### **A. DIE AANSTELLING VAN OUDSTES (OUDERLINGE) (DIE BYBELSE ONDERRIG) (30 – 97 n.C.)**

##### **1. Die Nuwe Testament leer alleen die aanstelling van 'n raad van oudstes/ouderlinge.**

###### **(1) Jesus Christus gee leiding deur die Heilige Gees**

Die Nuwe Testament leer niks oor 'n hiërargiese leierskapstruktuur nie! Daar was nooit 'n oorkoepelende organisasie bo die selfstandige gemeentes/kerke nie. Na sy opstanding, hemelvaart en troonsbestyging in die hemel het Jesus Christus sy werk op die aarde voortgesit (Handelinge 1:1; Johannes 7:37-39) en het Hy die Heilige Gees uitgestort oor sy dissipels (Handelinge hoofstuk 2) (30 n.C.). Die Heilige Gees is die Gees van Jesus Christus wat gekom het om "met" en "in" elke Christen te wees en Jesus Christus op die aarde te verteenwoordig (Johannes 14:16-18; Johannes 16:13-15; Romeine 8:9-10). Die selfstandige gemeentes word bestuur deur hulle Hoof, Jesus Christus (Efesiërs 1:20-22), deur die Gees van Jesus Christus (Handelinge 9:31) en deur die Woord van Christus (Johannes 8:31; Johannes 14:21).

###### **(2) Die Heilige Gees lei deur die apostels en die raad van oudstes/ouderlinge**

Die Heilige Gees (die Gees van Jesus Christus) het die elf dissipels gebruik (Handelinge 2:14) om die eerste gemeentes te plant onder die Jode in Jerusalem (Handelinge 2:41-42) (30 n.C.) en in heel Judea en Galilea en onder die half-Jode in Samaria (Handelinge 8:1,4; Handelinge 9:31) (30-40 n.C.) en onder die nie-Jode in Caesarea (Handelinge hoofstukke 10 en 11) (40 n.C.) en in Antiogië (Handelinge 11:19-24) (44 n.C.). Die apostels van Jesus Christus was uniek, was die leiers wat die gemeentes gestig het en hulle het 'n unieke gesag beklee, al was dit tydelik.

En na die bekering van Paulus (Handelinge 9:1-30) (ongeveer 34 n.C.) het die Heilige Gees hom gebruik om gemeentes te stig in Silisië in Turkye (Galasiërs 1:21-23) (36-44 n.C.) en in Sirië (Handelinge 11:25-26) (44-46 n.C.). Die gemeente van Antiogië het finansiële steun aan die oudstes/ouderlinge van die gemeente van Jerusalem gestuur (Handelinge 11:30). Later het die Heilige Gees vir Paulus en Barnabas afgesonder om sendingreise te onderneem (Handelinge 13:1-4).

Tydens die eerste sendingreis (47-48 n.C.) het hulle oral nuwe gemeentes gestig: in Siprus (Handelinge 13:4-5) en veral in Turkye (Handelinge hoofstukke 13 en 14) en het hulle 'n raad van oudstes/ouderlinge vir elke gemeente aangestel (Handelinge 14:12-13). Tydens die oorlegvergadering (let wel: nie sinode nie) in Jerusalem (ongeveer 50 n.C.) tussen die gemeente van Antiogië en die gemeente van Jerusalem (saam met die apostels wat nog in Jerusalem gewoon het) het die apostels Petrus, Johannes en Jakobus die bediening van die apostel Paulus erken (Handelinge 15:1-35; Galasiërs 2:1-10).

Tydens die tweede sendingreis (50-52 n.C.) het Paulus en sy medewerkers gemeentes gestig in Turkye, Masedonië en Griekeland (Handelinge 15:36 tot 18:22).

Tydens die derde sendingreis (52-57 n.C.) het hulle 'n bediening in Turkye en Griekeland gehad (Handelinge 18:23 tot 21:16), vir 1½ jaar in Korinte (Handelinge 18:11) en vir ongeveer 3 jaar in Efese (Handelinge 19:8-10). In Milete het die apostel Paulus die raad van oudstes/ouderlinge van Efese geleer dat die Heilige Gees "die oudstes/ouderlinge" van die gemeente van Efese aangestel het om "die opsieners" en "die herders" van die gemeente te wees (Handelinge 20:17,28) (57 n.C.).

Tydens sy eerste gevangenskap in Rome (60-61 n.C.) het Paulus briewe aan die gemeente, die oudstes/ouderlinge en diakens van Efese en Filippi geskrywe (1 Timoteus 3:1,12; Filippense 1:1).

Tydens sy vierde sendingreis (61-64 n.C.) het die Heilige Gees Paulus geïnspireer (2 Timoteus 3:16) om sy briewe aan Timoteus en Titus te skrywe met instruksies hoe elke gemeente behoort gelei te word (1 Timoteus 3:14-15), naamlik, deur 'n raad van oudstes/ouderlinge (1 Timoteus 4:14), hulle noodsaaklike vereistes, hulle take en hulle gesag (1 Timoteus 3:1-7; 1 Timoteus 5:17-22; Titus 1:5-9).

Die Heilige Gees het ook die apostel Petrus (63-65 n.C.) geïnspireer (vgl 2 Petrus 1:20-21; en 2 Petrus 3:1-16) om sy briewe te skrywe aan die gemeentes in die provinsies van Turkye (1 Petrus 1:1). Ook hy het instruksies gegee hoe elke gemeente behoort gelei te word, naamlik deur 'n raad van oudstes/ouderlinge (in die meervoud). Ook hy het instruksies gegee oor die noodsaaklike vereistes, take en gesag van die oudstes/ouderlinge (1 Petrus 5:1-7).

Dus, tydens die Nuwe-Testamentiese periode het die apostels en hulle medewerkers nuwe gemeentes gestig en rade van oudstes/ouderlinge aangestel vir elke gemeente (Handelinge 14:23; Titus 1:5). 'n Raad van oudstes/ouderlinge word 'n "presbiterion" of "raad van oudstes/ouderlinge" genoem (1 Timoteüs 4:14).

Die persoon wat die amp van 'n oudste/ouderling beklee het word "'n oudste/ouderling"<sup>1</sup> (Handelinge 20:17; 1 Petrus 5:1); en soms "'n opsiener"<sup>2</sup> (Titus 1:7, vergelyk vers 5) of "'n herder"<sup>3</sup> (Handelinge 20:17,28; Filippense 1:1; 1 Timoteus 3:21) genoem. Ander woorde wat vir leiers van die gemeentes gebruik word, was: "voorgangers/leiers"<sup>4</sup> (Handelinge 15:22; Hebreërs 13:7,17,24), "leiers" (letterlijk: manne wat voor loop)<sup>5</sup> (direkteure, bestuurders)(Romeine 12:8; 1 Tessalonisense 5:12; 1 Timoteus 5:17) en "beheerders van 'n huis" (letterlijk: ekonome)<sup>6</sup> (Titus 1:7).

In die Nuwe Testament (30-97 n.C.) verwys die uitdrukkings: "oudste/ouderling"<sup>7</sup>, "opsiener"<sup>8</sup>, "herder/pastoor"<sup>9</sup> en "leier"<sup>10</sup> (1 Tessalonisense 5:12) of "mense wat leiding gee"<sup>11</sup> (1 Timoteus 5:17) almal sonder onderskeid na één en dieselfde amp (Handelinge 20:17,28; 1 Petrus 5:1-2), want die Nuwe Testament spreek alleen oor die aanstelling van oudstes/ouderlinge en gladnie oor die aanstelling van ander ampte bo die oudstes/ouderlinge nie!

'n Gemeente is gelei deur 'n raad van oudstes/ouderlinge<sup>12</sup> (1 Timoteus 4:14). Alle oudstes/ouderlinge was gelyk, selfs al was die taak van sommige van hulle om te preek en onderrig te gee (1 Timoteus 5:17). Die oudstes/ouderlinge het geen teologiese onderrig op 'n Seminarie of Bybelskool ontvang nie. Maar hulle was wel die mees volwasse Christene in die gemeente en is uitgekies om die gemeente te lei op basis van die Bybelse vereistes en Bybelse take vir 'n leier.

Elke plaaslike gemeente was organisatories onafhankelik van die ander plaaslike gemeentes (vgl. Dota handleiding 3, supplement 12, die betekenis van die woord "gemeente of kerk"<sup>13</sup> in die Bybel).

## **2. Die Nuwe Testament leer niks oor die aanstelling van een of ander oorkoepelende organisasie (sinode of konsilie) nie.**

Na die groot vervolging van Christene in Jerusalem (Handelinge 8:1-4) (ongeveer 33 n.C.), het die gelowiges na ander plekke uitgewaai en die evangelie verkondig. 'n Groot aantal mense het Christen geword in Antiogië in Sirië (vóór 44 n.C.). Die gemeente van Jerusalem het toe Barnabas soontoe gestuur om te help. Hy het op sy beurt Paulus vanuit Silisië in Turkye gehaal om hom te help (Handelinge 11:25-27) (44-46 n.C.). Die gemeente van Antiogië is dus as gevolg van sendingwerk gestig.

Later het 'n aantal Joodse Christene na Antiogië gereis en het geprobeer om hierdie nie-Joodse Christene te oorreed om eers Jode te word en hulle te laat besny voordat hulle Christene kon word! Hulle het geleer dat 'n mens besny moet word as hy 'n Christen wil word (Handelinge 15:1). Die gemeente van Antiogië het toe vir Paulus en Barnabas gestuur om die oudstes/ouderlinge en ander apostels uit Jerusalem te ontmoet om hierdie probleem op te los. Hierdie oorleg tussen twee plaaslike gemeentes was NIE 'n sinode of konsilie van alle kerke nie, omdat nie alle plaaslike gemeentes in die hele wêreld daar verteenwoordig was nie!

Bowendien vertel Handelinge hoofstuk 15 alleen maar hoe twee gemeentes saam 'n probleem in die Kerkgeskiedenis opgelos het en NIE hoe 'n probleem opgelos moet word nie. Dit was 'n goeie voorbeeld hoe twee selfstandige gemeentes saam 'n probleem opgelos het deur met mekaar oorleg te pleeg. Die Bybel leer gladnie dat God 'n sinode of konsilie aangestel het om alle plaaslike gemeentes in 'n land of in die hele wêreld te oorheers nie! Alle gemeentes bly onafhanklik! Die Gemeente/Kerk van Jesus Christus is NIE 'n demokrasie nie! Die enigste Leier bo die raad van ouderlinge is Jesus Christus Self (Matteus 16:18; Efesiërs 1:20-22)!

## **B. DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN BISKOPPE (’N HIËRARGIESE LEIERSKAPSTRUKTUUR) (97 - 323 n.C.)**

### **1. Historiese kenmerke.**

Hierdie periode van die Kerkgeskiedenis word gekenmerk deur baie styd binne die Christelike Kerk. Dit het gebeur as gevolg van die invloed van die godsdiens van die Jode, die godsdienste van die heidene en die politiek van die Romeinse Ryk met hulle heidense filosofieë. Aan die einde het "die wêreldwye " Christelike Kerk oorwin! Die woord "wêreldwyd" (Grieks: katholikos) beteken: "algemeen", "universeel" in teenstelling tot 'n afsonderlike gemeente.

<sup>1</sup> Grieks: presbuteros, Engels: priest, elder

<sup>2</sup> Grieks: episkopos, Engels: bishop, supervisor

<sup>3</sup> Grieks: poimén, Latyn en Engels: pastor, shepherd

<sup>4</sup> Grieks: hégoumenos

<sup>5</sup> Grieks: prohistamenos

<sup>6</sup> Grieks: oikonomos

<sup>7</sup> Grieks: presbuteros, Engels: priest, elder

<sup>8</sup> Grieks: episkopos, Engels: bishop, supervisor

<sup>9</sup> Grieks: poimén; Latyn en Engels: pastor, shepherd

<sup>10</sup> Grieks: prohistamenous humón

<sup>11</sup> Grieks: prohestótes presbuteroi

<sup>12</sup> Grieks: presbiterion

<sup>13</sup> Grieks: ekklésia.

## **2. Die verandering van die Bybelse terminologie om 'n hiërargiese leierskapstruktuur te vorm.**

Gedurende die tweede eeu n.C. is die Ou-Testamentiese leierskapstruktuur van die volksstaat Israel (bestaande uit 'n hoëpriester, priesters en Leviete) verander in 'n hiërargiese leierskapstruktuur en is toe aan die Nuwe-Testamentiese Kerk opgelê sonder enige Bybelse grond (rede).

### **(1) Die oorsprong van tradisionele “biskoppe”**

Gedurende hierdie periode beskryf die Griekse woord “episkopos” nie langer één van die take van 'n oudste/ouderling nie, maar 'n NUWE leierskapsamp of leierskapsposisie in die Kerk bo die oudstes/ouderlinge van alle plaaslike gemeentes. Die woord “biskop” word nou gereserveer vir 'n enkel individu wat 'n soort van Nuwe-Testamentiese hoëpriester in die wêreldwye Kerk geword het. In plaas van 'n opsiener of toesighouer in die plaaslike gemeente het hy “biskop” of distriksleier in die wêreldwye Kerk geword, die hoogste leierskapsamp in die wêreldwye Kerk.

“Die apostels van Jesus Christus” was al dood en “die biskoppe” word toe sonder enige Bybelse grond (rede) beskou as “die opvolgers van die apostels van Jesus Christus”!

Geleidelik is toe aangeneem dat alleen biskoppe die offisiële kerklike seremonies mog uitvoer soos die doop, Nagmaal, huweliksinsêning, begrafnis en bevestiging van nuwe ampsdraers. Op hierdie manier het die biskoppe hulleself onmisbaar vir die Kerk gemaak! Die biskoppe van die tweede en die derde eeu n.C. het hulleself verhef tot die leiers van die Kerk sonder dat daar enige Bybelse grond (rede) of gesag voor was! 'n Biskop het 'n hele distrik van plaaslike gemeentes (‘parogieë’ in die Rooms Katolieke Kerk) gelei. Die biskoppe het egter self geen opsiener of toesighouer bo hulle gehad nie. (Daar was nog geen aartsbiskoppe nie).

### **(2) Die oorsprong van tradisionele “priesters” (pastore)**

Gedurende hierdie periode beskryf die Griekse woord “presbuteros” nie langer die oorspronklike amp van leier in die plaaslike gemeente wat gedeel is met 'n groep van ander oudstes/ouderlinge in die raad van oudstes/ouderlinge nie. (Handelinge 14:23; Handelinge 20:17,28; 1 Petrus 5:2-4). Die woord “priester” word nou gereserveer vir één enkel individu wat 'n soort van Nuwe-Testamentiese priester in die plaaslike gemeente/kerk geword het. In plaas van één van die oudstes/ouderlinge in die raad van oudstes/ouderlinge was die priester nou die enige leier, herder of pastoor van die plaaslike gemeente (parogie)<sup>14</sup>.

Geleidelik is toe aangeneem dat alleen die priester (of pastoor) bepaalde amptelike handelinge mog verrig soos byvoorbeeld die prediking en later die bediening van die sakramente. En alle priesters en hulle parogies (gemeentes) in 'n bepaalde gebied het toe onder die toesig van 'n biskop gestaan.

### **(3) Die oorsprong van tradisionele “dekens” (diakens)**

Gedurende hierdie periode beskryf die Griekse woord “diakonos” nie langer die oorspronklike amp van dienaar in die plaaslike gemeente wat gedeel is met 'n groep van ander diakens nie. (Handelinge 6:3; Filippense 1:1). Die woord “deken” word nou gereserveer vir één enkel individu wat 'n soort van Nuwe-Testamentiese Leviet in die plaaslike gemeente geword het. 'n Dekan was die assistent of dienaar van die priester (pastoor) van die plaaslike parogie (gemeente). 'n Dekan het onder die toesig van die priester (pastoor) gestaan.

### **(4) Maar hierdie tradisionele ampte het geen Bybelse grond of gesag nie**

Dus na die Nuwe-Testamentiese periode, tydens die tweede en derde eeu na Christus het daar 'n historiese verskuiwing van die begrip “kerklike leierskap” plaasgevind. Maar hierdie historiese ontwikkeling het geen Bybelse grond of gesag nie!

Ignasius (110 n.C.) was die enigste Apostoliese Vader wat aangedring het op die monargiese episkopaat (die heerskappy deur één biskop). Maar selfs hy het gesê dat dit geen instelling van God is nie! Dit was alleen maar sy persoonlike mening. Hieronimus (384 n.C.) sê in sy kommentaar op Titus 1:5 dat die oppermag (sic!) van 'n enkel biskop ontstaan het “deur gebruik eerder as deur die instelling van die Here”, as 'n middel om kerkskeuringe te voorkom. Maar dit het egter 'n middel geword om oor almal in die Kerk te heers en almal te kontroleer.

Die Ou Testament en die Nuwe Testament leer GEEN hiërargie van ampte in die Gemeente/Kerk nie! En die kerkgeskiedenis leer ons dat selfs die aanstelling van 'n biskop nie kon voorkom dat daar kerkskeuringe ontstaan het nie! Juis die stryd tussen biskoppe onderling om die hoogste mag in die kerk (in oortreding van Matteus 20:25-28) het gelei tot 'n hiërargie in die kerkleierskap en tot die vermenigvuldiging van kerkskeuringe!

## **3. Biskoppe en bisdomme.**

Ooral in die Romeinse Ryk en selfs daarbuite het steeds nuwe christengemeentes ontstaan. Die Bybel leer dat Christene alleen maar één “moeder” het, naamlik “die Hemelse Jerusalem” (Galasiërs 4:26). Maar 'n groot aantal priesters (pastore) van sogenaamde “moedergemeentes” wou hul “dogtergemeentes” wat hulle gestig het, nie loslaat nie! Op hierdie manier is die nuwe amp (posisie) van biskop<sup>15</sup> in die Christelike Kerk geskep. Die TAAK van 'n oudste/ouderling van 'n onafhanklike gemeente (kerk) om “'n opsiener” te wees, is verander in 'n nuwe AMP of posisie van mag bo die oudstes/ouderlinge van die plaaslike gemeentes en is 'n biskop” genoem. Die biskop het toesig gehou

<sup>14</sup> Grieks: paroikia, Engels: parish

<sup>15</sup> Grieks: episkopos; Engels: bishop

op die moedergemeente (kerk) en die dogtergemeentes (kerke). Die moederkerk met haar biskop wou haar mag nie prysgee nie. Sy wou heers en oorheers.

In die Nuwe Testament beskryf die woord “biskop” alleen DIE TAAK van die amp van ’n oudste/ouderling. Maar vanaf die tweede eeu na Christus begin die woord “biskop” gebruik word vir ’n NUWE AMP of POSISIE.

In die Nuwe Testament het ’n raad van oudstes/ouderlinge<sup>16</sup> die taak om toesig te hou<sup>17</sup> op ’n volkome onafhanklike gemeente. Maar gedurende die tweede eeu na Christus het ’n biskop die toesighouer geword van alle onafhanklike gemeentes met hul priesters in ’n bepaalde regio!

In die Nuwe Testament het die Kerk alleen ’n presbiteriale<sup>18</sup> leierskapstruktuur gehad, d.w.s. elke plaaslike gemeente was selfstandig en is gelei deur ’n raad van oudstes/ouderlinge (Grieks: “prebyters” in ’n “presbyterion”) (die woord “oudste/ouderling” staan altyd in die meervoud.). Maar gedurende die tweede en derde eeu na Christus het die Kerk ’n episkopale<sup>19</sup> leierskapsstruktuur ontwikkel, d.w.s., alle voorheen onafhanklike plaaslike gemeentes in ’n regio met ’n onafhanklike raad van oudstes/ouderlinge het nou afhanklike gemeentes onder ’n biskop (enkelvoud) geword. Die presiese ontwikkeling van ’n presbiteriale leierskapstruktuur na ’n episkopale leierskapstruktuur is nie baie duidlik in die kerkgeskiedenis nie. Alle nou afhanklike plaaslike gemeentes in ’n bepaalde regio vorm nou ’n bisdom<sup>20</sup>, ’n gebied wat deur ’n biskop gelei word.

In die Nuwe Testament was daar alleen ’n onafhanklike raad van oudstes/ouderling<sup>21</sup> wat gekies word om ’n onafhanklike gemeente te lei. Maar gedurende die tweede en derde eeu na Christus het daar ’n biskop<sup>22</sup> oor ’n regio van afhanklike gemeentes gekom. Hierdie biskop was altyd onafhanklik van ander biskoppe. Dit was die eerste stap wat gelei het tot ’n hiërargiese leierskapstruktuur in die Christelike Kerk.

Daar is geen enkel Bybelse grond vir hierdie historiese ontwikkeling nie! Die Nuwe Testament gee geen enkel bevel, onderrig of selfs ’n historiese beskrywing van ’n hiërargiese leierskapstruktuur nie.

### **C. DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN SINODES EN KONSILIES (’N HIËRARGIESE OORKOPELENDE STRUKTUUR) (NA 195 – 1870)**

Die Kerkgeskiedenis toon aan hoe die leiers in die Christelike Kerk hulle self in die hoër leierskapsposisies ingewurm het!

#### **1. Die “sinodes” (byeenkomste)<sup>23</sup> van gemeentes.**

In Handeling 15 het twee plaaslike gemeentes (te wete, Antiogië en Jerusalem) in ’n oorleg byeengekom oor die probleem van die besnydenis. Maar hierdie byeenkoms was nie ’n verteenwoordigende byeenkoms van alle plaaslike gemeentes in ’n bepaalde regio nie!

Gedurende die tweede eeu na Christus lees ons vir die eerste keer oor ’n verteenwoordigende byeenkoms van gemeentes in die provinsie van Asië (in moderne Turkye). Die verteenwoordigers van buurgemeentes was ook uitgenooi vir die aanstelling of ontslag (!) van ’n biskop en die ekskommunikasie (buite sluit) van gemeentede wat vasgehou het aan valse leerstellinge (van die Montaniste).

In 195 n.C. was daar ook so ’n byeenkoms van christelike gemeentes in Gallië (in moderne Frankryk) waar Ignasius die biskop was. Die verteenwoordigers by hierdie byeenkomste was oudstes/ouderlinge, diakens en gemeentede.

#### **2. Die sinodes (konsilies) van biskoppe.**

Gedurende die derde en vierde eeu na Christus het die ontwikkeling in die rigting van ’n monargiese episkopaat (’n enkel biskop wat heers oor ’n aantal plaaslike gemeentes) aangehou. Gedurende hierdie periode het die byeenkomste (sinodes of konsilies) bestaande uit verteenwoordigers uit plaaslike gemeentes verander in sinodes of konsilies bestaande uit uitsluitend biskoppe verander!

Die verteenwoordigers by die sinodes van Rome (254 n.C.), Antiogië (264 en 269 n.C.) en Elvira (305 n.C.) was naas biskoppe ook oudstes, diakens en lede van die gemeentes. Maar die verteenwoordigers by die tweede sinode van Aleksandrië en ’n paar jaar later in die sinode van Iconium (235 n.C.) was alleen maar biskoppe! Tydens die sinode (of konsilie) van Nicea (325 n.C.), waaraan nog diakens deelgeneem het, is besluit dat in die vervolg alleen biskoppe (!) handelende lede van die sinode moet wees.<sup>24</sup> Daarom het die latere Rooms Katolieke Kerk die sinode van Nicea in 325 n.C. tot “die eerste konsilie” gemaak! Alhoewel biskoppe oorspronklik deur gemeentede gekies is, word die

<sup>16</sup> Grieks: presbuterion, Engels: presbytery, afgelei van die woord “presbyter” wat “oudste/ouderling” beteken

<sup>17</sup> Grieks: episkopé

<sup>18</sup> Die woord “presbiteriaal” is afgelei van die woord “presbyter” wat in Grieks “’n oudste/ouderling” is.

<sup>19</sup> Die woord “episkopaal” is afgelei van die woord “epi” (op) en “skopeó” (oorsien) wat in Grieks “’n opsiener” is.

<sup>20</sup> En “bisdom” is ’n eenheid wat deur ’n biskop of later ’n aartsbiskop gelei word.

<sup>21</sup> Grieks: presbuterion

<sup>22</sup> Grieks: episkopos

<sup>23</sup> Grieks: sunodos beteken medereisiger en staan figuurlik vir mense wat dieselfde pad (van liefde) bewandel (1 Ef 9:1-2)

<sup>24</sup> Christelike Encyclopaedie, Kok, Kampen 1929

gemeentelede in die vierde eeu n.C. buite die sinodes (konsilies) gesluit en het die reg om besluite te maak die eksklusiewe reg van biskoppe geword!

### **3. Die provinsiale sinodes (onder leierskap van metropoliete).**


Gedurende die vierde eeu n.C. het die biskoppe van die groot stede (die metropole) (Grieks: metropolis) belangriker geword dan die biskoppe van kleinere plekke. Ook die synodes (konsilies) wat in metropole gehou is, is provinsiale sinodes (konsilies) genoem. Aan die begin was dit alleen die voorreg van die biskop van 'n metropool om die voorsitter van die provinsiale sinode (konsilie) te wees, maar daarna het dit verander en het dit sy reg geword! Op hierdie manier het die biskoppe van die metropole (later "metropoliete) die hoofde van alle biskoppe in 'n land geword.

In die Weste het die biskop (metropoliet) van Rome bevoorbeeld die hoof van alle biskoppe in Italië geword; die biskop (metropoliet) van Aleksandrië het die hoof van alle biskoppe in Egipte, Libië en Pentapolis geword; die biskop (metropoliet) van Kartago het die hoof van alle biskoppe in Wes Afrika geword; en die biskop (metropoliet) van Lyon het die hoof van alle biskoppe in Gallië (Frankryk) geword. Op dieselfde manier in die Ooste het die biskop (metropoliet) van Jerusalem die hoof van alle biskoppe in Palestina geword; die biskop (metropoliet) van Antiogië die hoof van alle biskoppe in Sirië geword en die biskop (metropoliet) van Korinte die hoof van alle biskoppe in Griekeland geword.

Die sinode (konsilie) van Nicea I (325 n.C.) het besluit dat die groter provinsiale sinodes tweemaal per jaar onder leiding van die metropoliet (die biskop van 'n groot stad) byeen moes kom en dat alleen biskoppe stemreg gehad het!

### **4. Die ekumeniese (wêreldwye) sinodes (konsilies).**

Die geografiese plek van Nicea, Konstantinopel en Chalcedon.



#### **(1) Die 8 oosterse en 13 westerse konsilies.**

Die groeiende mag van die biskoppe het gelei tot hulle oorheersing in alle sinodes (konsilies). Ekumeniese sinodes (konsilies) het parallel aan die provinsiale sinodes (konsilies) ontwikkel. Tot die 21<sup>ste</sup> eeu was daar 8 oosterse en 13 westerse konsilies, dus, saam 21 konsilies<sup>25</sup>. Die eerste 8 (oosterse) konsilies is deur die (politieke) keiser van Rome byeengeroep: (1) Nicea I (325 n.C.), (2) Konstantinopel I (381 n.C.), (3) Efese (431 n.C.), (4) Chalcedon (451 n.C.), (5) Konstantinopel II (553 n.C.), (6) Konstantinopel III (680-681 n.C.), (7) Nicea II (787 n.C.) en (8) Konstantinopel IV (869-870 n.C.).

#### **(2) Die 3 reformatoriese konsilies.**

Die invloed van die pous van die westerse kerk het in die daaropvolgende konsilies steeds groter geword totdat die skeuring tussen die Oosterse Kerk en Westerse Kerk plaasgevind het tydens die plundering van Konstantinopel deur westerse kruisvaarders in 1204 n.C. Die sogenaamde reformatoriese konsilies was: (1) die 16<sup>de</sup> konsilie van Pisa (1407), (2) die 17<sup>de</sup> konsilie van Konstanz (1414-1418)<sup>26</sup> en (3) die 18<sup>de</sup> konsilie van Basel (1431-1443). Die reformatoriese

<sup>25</sup> Vgl. "[www.catholicism.org/the-ecumenical-councils-of-the-Roman-Catholic-Church](http://www.catholicism.org/the-ecumenical-councils-of-the-Roman-Catholic-Church)" met 'n samevatting van alle leerstellings wat op daardie konsilies geformuleer is en alle sogenaamde valse leerstellings wat daar verdoem is. Vgl. [www.newadvent.org/library/21\\_councils](http://www.newadvent.org/library/21_councils)

<sup>26</sup> Konsilie van Konstanz. Lees wat daar gebeur het in Wikipedia en "Christelike Encyclopaedie", Kok Kampen, 1925).

konsilies het geprobeer om die mag van die pous (die biskop van Rome) te breek en om die konsilie van biskoppe bo die pous te plaas. Dit was jammer vir die Christelike Kerk dat die hiërargiese beginsel tog uiteindelik die oorhand gekry het en die biskop van Rome (die pous) bo alle ander biskoppe geplaas is!

### **(3) Die anti-reformatoriese konsilie en die eerste Vatikaanse konsilie.**

Die Reformasie in 1517 met Maarten Luther het tot die Protestante Kerk gelei. (1) Die 21<sup>ste</sup> konsilie van die westerse Kerk (die Rooms Katolieke Kerk) te Trente (1545-1563) was 'n anti-Reformasie konsilie. (2) Die 22<sup>ste</sup> konsilie is in die Vatikaan te Rome gehou (1869-1870). Onder groot invloed van die Jesuïte tydens die eerste Vatikaanse Konsilie op 18 juli 1870 besluit die Rooms Katolieke Kerk “die onfeilbaarheid van die pous”, 'n leerstelling wat alle Rooma Katolieke Christene moes glo! Alle besluite op konsilies moes voortaan deur die pous goedgekeur word!

## **D. DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN METROPOLIETE, PATRIARGE EN POUSE ('N HIËRARGIESE TOP) (325-600).**

Die stryd tussen biskoppe onderling het gegaan oor wie die hoogste en belangrikste biskop was. So het die politieke stryd om mag tussen die keisers in die wêreld oorgeslaan tot 'n ongeestelike stryd om mag tussen die biskoppe in die kerk!

### **1. Historiese kenmerke.**

Gedurende die eerste twee eeue na Christus is Christene deur die keisers van die Romeinse Ryk vervolgt. Maar omdat die Christendom baie terrein gewen het en die heidense godsdienste terrein verloor het, het keiser Konstantyn beskerming beloof aan die Christene. Met die edik van Milaan in 311 n.C. het hy aan die Christene gelyke status gegee met die ander godsdienste in die Romeinse Ryk. Tussen 306 en 323 het twee “Augusta” gesterf en word die ander drie Augusta (Maxentius, Maximinus en Lucinius) verslaan. Konstantyn het sy oorwinning tegeskryf aan die God van die Christene en hy het in 323 “Christen” geword. Maar hy het nooit 'n christelike erediens bygewoon nie en sy muntstukke toon die beelde van Christus en die onoorwinlike songod aan weerskante. Vanaf 323 het die Christendom die staatsgodsdienst geword en Konstantyn het homself “die biskop vir eksterne aangeleenthede van die Kerk genoem”. In 326 het Byzantium die hoofstad van die christelike wêreld drijf geword en is sy naam na Konstantinopel verander (en dit het baie later “Istanbul” geword). In 330 verskuif Konstantyn die politieke magsentrum van Rome in die weste na Konstantinopel in die ooste, waarskynlik as gevolg van die druk van die magtige heidense families in Rome.

Omdat die wêreld besig was om die kerk binne te dring, het gedurende die derde en vierde eeu na Christus die kloosterwese en monnikelewe tussen die klerikale (die kerkelike ampte) en die leke (die gewone gelowiges) in kom staan. Terwyl gewone Christene hulle aan die morele gebode van God moes hou, het die monnike hulself vrywillig verbind aan die sogenaamde “aanbevole sake” soos die vas en die selibaat.

Teen 450 n.C. kon maar weinig mense in die Weste Grieks verstaan en teen 600 n.C. kon weinig mense in die Ooste Latyn verstaan. In die politieke arena het twee magtige ryke bestaan: die Oos Romeinse Ryk met Konstantinopel as hoofstad (tot 1453) en die Wes Romeinse Ryk met Rome as hoofstad (tot 476). In die vierde en vyfde eeu n.C. het die Griekssprekende Ryk en die Latynsprekende Ryk uitmekaar gedryf.

In die periode tussen 325 en 600 na Christus het daar binne die Christelike Kerk drie ontwikkelinge plaasgevind:

- Die ontwikkeling van christelike leerstellings vir die onderwys.
- Die ontwikkeling van uiterlike vorme aan die christelike seremonies in die eredienste.
- Die ontwikkeling van 'n christelike hiërargie in leierskap.

### **2. Metropoliete.**

Die biskoppe van die groter stede (metropolisse) word “metropoliete” genoem. 'n Tyd later het die metropoliete van die gemeentes wat deur die apostels van Jesus Christus gestig is 'n hoër status gekry. Hulle was die metropoliete van (1) Jerusalem in Palestina, (2) Antiogië in Sirië, (3) Efese in Turkye, (4) Korinte in Griekeland, (5) Rome in Italië, maar ook (6) Aleksandrië in Egipte.

### **3. Patriarge.**

Die Konsilie van Nicea I (325) het die metropoliete van (1) Rome in die weste, (2) Aleksandrië in die suide en (3) Antiogië in die ooste *bo* die metropoliete van die ander metropole geplaas en hulle die titel “patriarg” gegee

Die Konsilie van Konstantinopel I (381) het die metropoliet van (4) Konstantinopel daaraan toegevoeg en die Konsilie van Efese (431) het die metropoliet van (5) Jerusalem daaraan toegevoeg. Nou was daar vyf patriarge: in Rome, Aleksandrië, Antiogië, Konstantinopel en Jerusalem. Die patriarge was nou die hoogste ampte in die Kerk.

#### **4. Pouse.**

##### **(1) Die pous**

Geleidelik was daar twee patriarge wat stryd gevoer het vir die hoogste posisie: die patriarg van Rome in die Weste en die patriarg van Konstantinopel in die Ooste. Na die val van die Westerse Romeinse Ryk in 476 was die patriarge van Rome nie langer tevrede met hul titel “patriarg” nie. Hulle maak toe ’n beroep op die hoogste en belangrikste posisie in die Christelike Kerk op grond van drie argumente:

- Hulle het ’n beroep gemaak op Matteus 16:18-19 en dit uitgelê asof Jesus Christus aan Petrus die hoogste posisie onder die apostels van Jesus Christus gegee het.
- Hulle het ’n beroep gemaak op die feit dat beide apostels Petrus en Paulus in Rome gewoon en gearbei het.
- En hulle het ’n beroep gemaak op die kerklike tradisie dat Petrus die eerste biskop van Rome was.

In Konstantinopel was die patriarge selde iets meer as die aanstelling en speelbal van die Romeinse keisers. Hulle is deur die politieke leiers misbruik. En so gebeur dit dat Rome as een van die vyf setels van patriarge nie alleen die mees geëerde posisie (Latyn: primatus honoris) onder die patriarge, maar ook die absolute hoogste posisie (Latyn: primatus ordinis) onder die patriarge gekry het op grond van ’n vermeende goddelike reg wat hulle op Matteus 16:18-19 gebaseer het. Dus in die magstryd tussen politiek en godsdienst, het die keiser in die ooste gewen, maar die patriarg in die weste!

##### **(2) Die monargiese episkopaat**

As biskop van Rome het pous Innocentius I (401-417) die arrogante aanspraak gemaak dat hy ’n hoër gesag gehad het dan al die ander biskoppe in die wêreld. Op hierdie manier het die kerk in die Westerse Romeinse Ryk (die Rooms Katolieke Kerk) “’n monargiese episkopaat” – ’n eenhoofdig leierskap van ’n raad van biskoppe in die wêreld geword, waarin die allerhoogste gesag by die biskop van Rome (die latere pous) berus het.

Die biskoppe van Rome noem hulleself “papa” (Engels: pope) en dit beteken: “vader” (maar vgl. Matteus 23:9). Oorspronklik is alle biskoppe “papa” genoem, maar hierdie titel is uiteindelik gereserveer vir alleen die biskop van Rome.

##### **(3) Die pontifikaat (opperpriesterskap en opperheerskappy)**

• Die Rooms Katolieke Kerk maak aanspraak dat die pous “die hoogste gesag in geestelike en wêreldse sake” het. Pous Gregorius I (590-615) word die stigter van die wêreldse mag van die pous (die pontifikaat) genoem. Hy word beskou as die hoogste gesag in geestelike sake en teweens die hoogste gesag in wêreldse sake. So het die pous die plek van Jesus Christus as HEER ingeneem!

Hierdie aanspraak behoort aan niemand behalwe Jesus Christus! “Die mag het Hy ook uitgeoefen toe Hy Christus uit die dood opgewek het en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: hoog bo elke heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die Kerk” (Grieks: kephalén huper panta)” (Efesiërs 1:20-22)!

• Die Rooms Katolieke Kerk maak aanspraak dat die pous “die universele Biskop van die hele Christelike Kerk” is. Pas vanaf die eerste Vatikaanse Konsilie (1870) word die biskop van Rome (die pous) ook beskou as “die universele Biskop van die hele Christelike Kerk”. Hierdie aanspraak is veral gerig teen die gemeentes van die Reformasie! So het die pous ook die plek van Jesus Christus as BISKOP ingeneem! Die Bybel sê, “Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Biskop (ANV: Bewaker) (Grieks episkopos) van julle lewe” (1 Petrus 2:25)!

• Die Rooms Katolieke Kerk maak aanspraak dat die pous “die Herder van die hele Christelike Kerk” is. Die pous word ook beskou as “die Herder van die hele Christelike Kerk”. So het die pous ook die plek van Jesus Christus as OPPERHERDER ingeneem! Die Bybel sê, “En dan, wanneer die Opperherder (Grieks: archi-poimenos) kom, sal julle die heerlikheid as onverganklike kroon ontvang” (1 Petrus 5:4; vgl. ook Johannes 10:16; Hebreëë 13:20; 1 Petrus 2:25)!

• Die Rooms Katolieke Kerk maak aanspraak dat die pous “die Verteenwoordiger van Christus op aarde” is. Die pous word ook beskou as “die Verteenwoordiger van Christus op aarde”. So het die pous ook die plek van die Heilige Gees as VERTEENWOORDIGER (Grieks: paraklétos) van Jesus Christus op aarde ingeneem! Jesus sê, “Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle ’n ander Voorspraak (beter: Verteenwoordiger)(Grieks: paraklétos) stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik, die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees” (Johannes 14:16-17; vgl. Romeine 8:9-10). “Maar as Ek gaan, sal Ek Hom (die Voorspraak) na julle toe stuur... Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. .... Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, zal Hij aan julle verkondig (Johannes 16:7-15)!

• Die Rooms Katolieke Kerk maak aanspraak dat “daar buiten die Rooms Katholieke Kerk geen verlossing is nie.” So het die Rooms Katolieke Kerk ook die plek van Jesus Christus as ENIGE VERLOSSER ingeneem! “Jesus sê, “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie” (Johannes 14:6). “Hij bring die verlossing en niemand en niks anders nie. “Daar is geen ander Naam op die aarde aan die mense gegee waardeur

God wil dat ons verlos moet word nie” (Handelingen 4:12)! “Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vrypraak (geregtigheid), die heiliging en die verlossing” (1 Korintiërs 1:30). Solank die Rooms Katolieke Kerk ongehoorsaam bly aan Jesus Christus, aan die apostels van Jesus Christus en aan die Bybel, kan sy die ander Christelike Kerke in die wêreld nooit formeel erken nie.

Alle ware Christelike Kerke bely:

- dat Jesus Christus “die Here” (1 Korintiërs 12:3), “die Verlosser” (Matteus 1:21; Lukas 2:11), “die Herder of Pastor”, “die Opsier of Biskop” (1 Petrus 2:25), “die Apostel” en “die Hoëpriester” (Hebreërs 3:1) van die hele Christelike Kerk op aarde is
- dat daar geen verlossing buite Jesus Christus is nie
- dat die Heilige Gees die Verteenwoordiger van Jesus Christus op die aarde is!

## **E. DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN KERKGENOOTSAPPE (DIE SKEURING TUSSEN DIE OOSTERSE (ORTODOKSE) EN WESTERSE (ROOMS KATOLIEKE) KERKE) (600-1517)**

### **1. Die verwydering tussen die Oosterse en Westerse Kerke.**

Die Middeleeue het van 600-1517 geduur. Gedurende die eerste eeu van hierdie periode het die kerke van mekaar vervreemd geraak totdat in 1204 ’n definitiewe skeuring plaasgevind het.

#### **(1) Die Apostoliese Aartsbisdom van Rome.**

Gedurende die eerste eeu het die apostels van Jesus Christus baie onafhanklike kerke gestig (d.w.s. gemeentes/kerke wat hulleself voortplant, hulleself ondersteun en hulleself regeer.

Maar vanaf die tweede tot de vierde eeu na Christus het die Kerk ’n hiërargiese leierskapstruktuur geskep wat bestaan het uit bisdomme en konsilies. Onder die biskoppe in die Oos Romeinse Ryk het ’n sfeer van gelykheid geheers, maar in die Wes Romeinse Ryk wou één biskop die alleenheerser wees. Aan die begin het die Oosterse biskoppe meer aktief deelgeneem aan die konsilies dan die westerse biskoppe. Tog het die Westerse biskoppe die besluite van die ekumeniese konsilies aanvaar. Die Oosterse biskoppe was meer ’n raad van biskoppe, terwyl die biskop van Rome meer gefunksioneer het as ’n monarg. Die pous in die Wes Romeinse Ryk het aanspraak gemaak op “die biskop van alle biskoppe” te wees (d.w.s. die “aartsbiskop” of “eerste biskop”). So het Rome die setel van die aartsbiskop of hoogste biskop<sup>27</sup> geword omdat sowel die apostel Petrus as die apostel Paulus in Rome gebly en gearbei het.

#### **(2) Die monargie van die keiser in die Ooste.**

Die monargie van die Romeinse keiser in Byzantium (Konstantinopel of Istanbul) oor die aarde is beskou as ’n “ikoon” (Griekse woord vir “afbeelding”, “beeld”) van die monargie van God in die hemel. In die Oos Romeinse Ryk is die keiser beskou as “God se verteenwoordiger op die aarde”. Mense het voor die ikoon van Christus in die kerke gekniel en voor die lewende ikoon van die keiser in die paleis.

In die Ooste was daar geen duidelike skeidslyn tussen die Oosterse Kerk en die Oos Romeinse Ryk nie. Die Kerk en die Staat is as één organisme beskou. Die Oosterse Kerk het (deur middel van hul biskoppe en patriarge) gesorg vir die siele van die mense en die Oosterse keiser het (as Gods verteenwoordiger op die aarde) gesorg vir die liggame van die mense. Die Oosterse Keiser het die Konsilies byeen geroep, die biskoppe het die besluite geneem wat die ware geloof moes wees wat alle mense moes glo en die Romeinse Ryk het die besluite van die Konsilies uitgevoer!

#### **(3) Die autokrasie van die pous in die Weste.**

Die invasies van die barbare in die Wes Romeinse Ryk het haar ondergang geword, maar het terselfdertyd die autokratiese struktuur van die Westerse Kerk versterk. Omdat die keiser nie langer in Rome geheers het nie, het die pous in die Westerse Kerk alle mag in geestelike en wêreldse sake na homself getrek.

Gedurende die Middeleeue is ’n groot aantal Germaanse stamme aan die Westerse Kerk toegevoeg.

- Enersyds het die bevolking verlang na ’n Staatskerk – d.w.s., ’n Kerk binne in ’n Staat.
- Andersyds het die pous verlang na ’n Kerkstaat – d.w.s. ’n Staat waarin die Kerk van Rome geheers het.

Die pouse wou oor die kerk en die Staat heers, maar in die Weste was die pouse nog nie beskou as God se verteenwoordiger op die aarde nie. Daarom was daar ’n voortdurende stryd tussen die Westerse politieke heersers enersyds en die Westerse kerklike pouse andersyds!

#### **(4) Die geestelikes (die ampsdraers) en die leke (die gewone gelowiges) in die Weste.**

Baie leke Christene in die Ooste was geleerde mense en selfs teoloë. Maar die invalle van die barbare in die Weste het veroorsaak dat min mense in die Weste kon lees en skryf. Daarom kon hulle teologiese sake nie goed begryp nie. Opleiding en teologie in die Weste was die voorreg van alleen die priesters in die Westerse Kerk. So het ’n diep kloof ontstaan tussen die geleerde geestelikes (klerus) enersyds en die ongeletterde leke (laikus) andersyds.

<sup>27</sup> Grieks: archi-episkopos. ‘n “Aartsbiskop setel” is die bisdom van ’n aartsbiskop, iemand wat oor alle biskoppe aangestel word.



### **(5) Teologiese ontwikkeling in die Ooste en die Weste.**

In die Ooste was die Griekse Kerk *teoreties*, terwyl in die Weste die Latynse Kerk steeds meer prakties geword het. Die Griekse Kerk beskou teologie in terme van *aanbidding en liturgie*, terwyl die Westerse Kerk beïnvloed was deur die juridiese gedagtegang wat voortgekom het uit die Romeinse regstelsel.

Wat die Triniteit betref, het die Oosterse Kerk uitgegaan van die drieheid van die Goddelike Wese<sup>28</sup>, terwyl die Westerse Kerk uitgegaan het van die eenheid van die Goddelike Wese.

Wat die kruisiging betref, het die Oosterse kerk veral gedink aan die oorwinnaar (die Opgestane Heer) en die Westerse Kerk veral aan die slagoffer (die gekruisigde soenoffer).

Terwyl die Oosterse Kerk die nadruk gelê het op die *vergoddeliking* (Christus is die Almagtige) (Grieks: Pantokratór), het die Westerse Kerk die nadruk gelê op die *verlossing* (Christus is die Verlosser) (Grieks: Zótér).

Terwyl die Oosterse Kerk wat leer en lewe betref leerstellige besluite laat afhang het van hulle konsilies van biskoppe, het die Westerse Kerk die onfeilbaarheid van die pouse as hulle vooreg beskou.

### **(6) Die westerse pous het aanspraak gemaak op universele mag.**

Die gesentraliseerde en monargiese struktuur van die Westerse Kerk het gemaak dat die pouse aanspraak gemaak het op absolute mag in die Weste. Maar toe die pouse van die Weste ook aanspraak begin maak het op absolute mag in die Ooste, het daar groot probleme ontstaan.

### **(7) Sommige aansprake van westerse pouse.**

- **Pous Innocentius I** (401-417) het aanspraak gemaak dat hy (die pous) 'n hoër gesag gehad het as alle ander biskoppe in die wêreld en daarom alleen "papa" (d.w.s. vader) genoem mag word (vgl. Matteus 23:9).
- **Pous Gregorius I** (590-615) het aanspraak gemaak dat die pous nie alleen die hoogste gesag in geestelike sake gehad het nie, maar ook die hoogste gesag in wêreldse sake (vgl. Matteus 28:18).
- **Pous Nikolaas I** (858-867) het die mag van die patriarg van Rome verhef bo die mag van die vier ander patriarge en alle ander metropoliete in die Kerk en bo die mag van alle keisers buite die Kerk.
- **Pous Nikolaas II** (1059) het die gesag om 'n nuwe pous te kies gedelegeer aan die "kardinale" wat bestaan het uit 'n raad van 6 biskoppe, 50 priesters en 14 diakens wat almal in Rome gewoon het!
- **Pous Gregorius VII** (1073-1085) het die skeiding van die Kerk en die wêreld geforseer; het die ideale van die kloosterlewe bevorder; het die bestaande selibaat van biskoppe en hoër ampte ook afgedwing op alle ander ampte in die Kerk. Priesters wat getroud was, is afgesit. Priesters kon nie langer deur leke (politieke maghebbers) ingewy word nie. Hy het geprobeer om 'n wêreldwye teokrasie deur middel van die Kerk-Staat te vestig waarin die pous (gesimboliseer deur die son) die plek van Christus op die aarde ingeneem het en oor alle konings (gesimboliseer deur die maan) op die aarde geheers het.
- **Pous Innocentius III** (1215) het "ex cathedra" gedefinieer: die uitsprake van die pous vanaf sy heilige stoel is beskou as nuwe leerstellings in die Rooms Katolieke Kerk. Hy het die uitspraak bekragtig: "Daar is maar één universele Kerk van getroue mense; buite hulle word geen enkel mens gered nie."
- **Pous Innocentius IV** (1243-1254) het die kardinale van Rome bo alle biskoppe in die wêreld geplaas en as ereteken het hulle 'n rooi mus gedra.
- **Pous Bonifacius VIII** (1294-1303) het die pouslike bul "Unam sanctam" (1302) uitgevaardig waarin die wêreldse swaard en die wêreldse mag ondergeskik geword het aan die geestelike swaard en geestelike mag. Geloof in die absolute mag van die pous was noodsaaklik vir verlossing!

### **(8) Die konsilies kon die mag van die pouse nie teëhou nie.**

Die invloed van die pous op die Westerse Kerk het steeds groter geword totdat in 1204 die westerse kruisvaders Konstantinopel geplunder het. Toe het die finale breuk tussen die Oosterse Kerk en die Westerse Kerk plaasgevind.

- **Die 14<sup>de</sup> konsilie van Lyon II** (1274). Die westerse konsilies was nie langer "ekumenies" (wêreldwyd) nie, omdat vanaf die 14<sup>de</sup> konsilie van Lyon II die Westerse Rooms Katolieke Kerk nie langer die Oosterse Ortodokse Kerke na die konsilies uitgenooi het nie.
- **Die Reformasie konsilies.** Die sogenaamde reformasie konsilies was die volgende: die nie-erkende konsilie van Pisa (1409), die 16<sup>de</sup> konsilie van Konstanz (Wene)(1414-1418) en die 17<sup>de</sup> konsilie van Florence (Basel) (1431-1443). Die reformasie konsilies het geprobeer om die mag van die pous te breek en die raad van biskoppe bo die pous (die biskop van Rome) te plaas. Helaas het dit nie geslaag nie en het die hiërargiese beginsel die oorhand gekry.

### **(9) Die absolute mag van die pous.**

Die Reformasie wat gelei het tot die stigting van die Protestantse Kerke het in 1517 met Maarten Luther in Duitsland begin. Protestante glo dat alleen die Bybel (korrek uitgelê) onfeilbaar is!

- **Die 19<sup>de</sup> konsilie van Trente** (1545-1549)

Hierdie konsilie was 'n anti-Reformasie konsilie. Dit het die sogenaamde *valse leerstellings* van Luther, Calvyn en andere veroordeel. Hierdie konsilie het ook dekrete uitgevaardig met betrekking tot die Eucharistie, die heilige offer van

<sup>28</sup> Grieks: hupostasis

die Mis, die Sakramente (veral die doop en die wyding tot nuwe leerstellings in die Rooms Katolieke Kerk 'n geestelike) en die leerstellings met betrekking tot die huwelik, die vaevuur, die aflaatbriewe en die gebruik van beelde.

- **Die 20<sup>ste</sup> konsilie van die Vatikaan I in Rome (1869-1870).**

Hierdie konsilie het op 18 juli 1870 onder groot druk van die Jesuïete “die onfeilbaarheid van die pous” verklaar en dat alle besluite van konsilies deur die pous goedgekeur moes word! De onfeilbaarheid van die pous was 'n dogma wat alle Rooms Katolieke moes glo! Die patriarge (hoogste biskoppe) van die Oosterse Kerke glo egter dat alle besluite met betrekking tot leer en lewe deur 'n konsilie bestaande uit alle biskoppe gemaak moes word.

Vanaf die eerste Vatikaanse Konsilie beskou die Rooms Katolieke Kerk die pous as “die herder en universele biskop van die hele Christelike Kerk”, 'n besluit wat volkome in stryd is met wat die apostel Petrus gesê het, “Jesus Christus is die Herder (Pastor) en Opsier (Biskop)” van Christene (1 Petrus 2:25; 1 Petrus 5:4)! So het die pous, met skending van die Bybel, die plek van Jesus Christus (as die Herder en die Biskop van die Kerk) ingeneem!

Die Rooms Katolieke Kerk beskou die pous ook as “die verteenwoordiger van Christus op aarde”. Maar ook hierdie stelling is in stryd met wat Jesus Christus Self oor die Heilige Gees sê: “Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. Hierdie Voorspraak (Vertegenwoordiger) sal altyd by en in julle wees. Hy sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het (Johannes 14:16-17,26). Hierdie Voorspraak sal Ek na julle toe stuur. Hy sal julle in die hele waarheid lei. Hy sal my eer. Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig” (Johannes 16:7-15)! So het die pous, met skending van die Bybel, ook die plek van die Heilige Gees ingeneem!

Daarom leer die Rooms Katolieke Kerk ook “Daar is geen verlossing buite die Rooms katolieke Kerk nie!” So het die Rooms Katolieke Kerk, met skending van die Bybel, die plek van Jesus Christus as Enige Verlosser ingeneem! Hierdie stelling is volledig in stryd met wat Jesus sê: “Ek is die Weg ... Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie” (Johannes 14:6)! Dis ook volkome in stryd met wat die apostels van Jesus Christus (veral die apostel Petrus) verkondig het: “Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander Naam op die aarde aan mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie” (Handelinge 4:12).

Daarom kan die Rooms Katolieke Kerk die ander Christelike Kerke in de wêreld nooit formeel erken nie! Tog probeer die Rooms Katolieke Kerk om hierdie kerke weer onder die gesag van die Rooms Katolieke Kerk te bring.

#### **(10) Matteus 16:18-19**

**Jesus Christus het nooit aan die apostel Petrus “die hoogste posisie” gegee nie.**

Dit sou in stryd gewees het met die woorde van Jesus Christus Self in Matteus 20:25-28: “Elkeen wat in julle kringe groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees!”

**En die apostels van Jesus Christus het geen opvolgers nie.**

Jesus het wel gebruik gemaak van die apostel Petrus om die eerste historiese gemeente onder die Jode (Handelinge 2:14-42), die eerste historiese gemeente onder die half-Jode (die Samaritane, Handelinge 8:4-17) en die eerste historiese gemeente onder die nie-Jode (die heidene, Handelinge 10:9-48) te vestig. So het Hy sy uitspraak in Matteus 16:18-19 bevestig.

**Die apostels van Jesus Christus is die historiese fondament van die Kerk.**

Matteus 16:18-19 spreek nie oor Petrus as die eerste pous nie, maar wel in Efesiërs 2:20 en Openbaring 21:14 oor die (twaalf) apostels van Jesus Christus as die historiese fondament van die Christelike Kerk. 'n Historiese fondament kan geen “opvolgers” hê nie! Die apostels van Jesus Christus het geen opvolgers gehad nie, omdat na hulle geen enkel persoon in die geskiedenis daarvoor in aanmerking sou kom nie. Volgens die Bybel moes 'n apostel van Jesus Christus 'n oog- en oorgetuie van die lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus wees (Handelinge 1:21-22) en moes hy persoonlik deur Jesus Christus uitgekies, geroep, opgelei en uitgestuur gewees het (Markus 3:13-14; Lukas 6:13; Johannes 20:21; Handelinge 26:15-18; 1 Korintiërs 9:1)!

#### **(11) Die ware Christelike Kerk bely alleen Jesus Christus as Hoof van die wêreldwye Gemeente/Kerk**

Alle ware christelike gemeentes bely Jesus Christus as Herder of Pastor<sup>29</sup> en as die Opziener of Biskop<sup>30</sup> van die hele Christelike Kerk op aarde (Johannes 10:16; Hebreërs 13:20; 1 Petrus 2:25; 1 Petrus 5:4) en die Heilige Gees as die Verteenwoordiger<sup>31</sup> van Jesus Christus op aarde (Johannes 14:16-17,26; Johannes 16:7-15)! Geen pous en geen enkele ander titel waarop die leiers vandag aanspraak maak (bv. “apostel”, “profeet”, “biskop”, “priester”, “pastoor”, “dominee”, “voorganger”, ens.) kan of mag hierdie posisie van Jesus Christus inneem nie!

## **2. Die “Filioque” aangeleendheid.**

Die geloofsbelydenis van Nicea-Konstantinopel (325 en 381) het oorspronklik gesê, “Ek glo ... in die Heilige Gees, die Here, die Gewer van lewe, wat uit die Vader voortgekom het, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word.” Hierdie belydenis kom waarskynlik oorspronklik uit Spanje as 'n voorsorgmaatreeël teen die Arianisme (wat die goddelike natuur van Christus aangeval het) (vgl. Romeine 8:9-10; 1 Petrus 1:11).

<sup>29</sup> Grieks: poimén

<sup>30</sup> Grieks: episkopos

<sup>31</sup> Grieks: paraklétos

Die Westerse Latynse Kerk het die woorde “en uit die Seun” (in Latyn: “filioque”) toegevoeg aan hierdie belydenis tydens die Konsilie van Toledo in Spanje (589). So lui die geloofsbelydenis nou, “Ek glo ... in die Heilige Gees, die Here, die Gewer van lewe, wat uit die Vader en uit die Seun voortgekom het, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word.” Hierdie formulering het na Frankryk en Duitsland versprei, en is deur Karel die Grote verwelkom en tydens die Konsilie van Frankfurt (794) aangeneem. Tydens hierdie konsilie is bepaalde gevestigde ideë omvergewerp. Skrywers aan die hof van Karel die Grote het die Filioque tot ’n twispunt gemaak en die Oosterse Ortodokse Kerk beskuldig van *kettery*.

In 1054 het die westerse kardinaal Humbert ’n bul (’n verseëld oop brief van die pous) waarin die Ortodokse Kerk geëkskommunikeer word, op die altaar van die Hagia Sofia in Konstantinopel geplaas. Die Ortodokse Kerk het dit verwerp. Hierdie gebeurtenis was die begin van die skeiding tussen die Oosterse Ortodokse Kerk (Grieks) en die Westerse Katolieke Kerk (Latyn).

In 1109 het die oosterse patriarg Sergius van Konstantinopel die naam van die westerse pous Sergius IV uit die lys van patriarge uit die verlede geskrap. Alleen die oorgeblewe name op die lys is as “ortodoks” beskou. Hierdie lys was geskryf op (kers)was aan die binnekant van twee hout bladsye wat teenmekaar gevou geword het en op die altaar gestaan het en deur elke patriarg bewaar is. Tegnies gesproke het die Oosterse Kerk en die Westerse Kerk geen bande met mekaar meer gehad nie.

### **3. Die kruistogte.**

Die kruistogte (1096-1270) as “heilige oorloë” was:

- enersyds ’n respons op die vervolginge van Christene en pelgrims in Palestina deur die islamitiese Fatimid en Seljuk dinastie
- en andersyds ’n (heel onchristelike) respons op die oproep van pous Urbanus II tydens byeenkomste in Piacenza en Clermont (1095) om Jerusalem te bevry.

Christene moes egter nie vergeet nie dat Jesus Christus en die Bybel “heilige oorloë” absoluut verbied (Matteus 5:38-48)! Die kruistogte is bevel en uitgevoer deur politieke en militêre mense wat hulleself valslik “Christene” genoem het, maar nie regtig Christene was nie! Opregte Christene verwerp die kruistogte as on-Bybels en onchristelik!

Die kruisvaarders van die Westerse Rooms Katolieke Kerk het Antiogië van die Turke verower in 1098, Jerusalem in 1099 en het toe westerse Latynse patriarge daar aangestel. Teen 1187 was daar dus ’n oosterse Griekse patriarg in Jerusalem en ’n westerse Latynse patriarg in Akko. Die twee rivaliserende biskoppe het beide aanspraak gemaak op dieselfde setel en die twee (oosterse en westerse) “christelike” gemeenskappe was haatlik en verbitterd teenoor mekaar.

- Die oosterse Byzantynse inwoners het massamoord op die westerse Latynse inwoners in Konstantinopel gepleeg in 1182.
- Die westerse kruisvaarders het gereageer en Konstantinopel geplunder in 1204.

Hierdie gebeurtenisse het die splitsing tussen die Oosterse Ortodokse Kerk en die Westerse Katolieke Kerk definitief gemaak.

### **4. Die oosterse en westerse christelike gemeenskappe.**

#### **(1) Patriarge**

Die stryd tussen die biskoppe van Rome en Konstantinopel het uiteindelik gelei tot die splitsing van die wêreldwye<sup>32</sup> Christelike Kerk. Die Christelike Kerk in die Ooste het bestaan uit verskillende onafhanklike Ortodokse Kerke (kerkgenootskappe), elk met sy eie patriarg. Die Christelike Kerk in die Weste het die Rooms Katolieke Kerk (ook ’n kerkgenootskap) geword, waarin alleen die biskop van Rome (die pous) die hoof is. Die patriarge in die Ooste en die pous in die Weste het nou oor al die biskoppe in die wereld onder hulle geregeer.

#### **(2) Aartsbiskoppe**

Later was daar soveel biskoppe in die Weste dat daar nog ’n laag leiers tussen die biskoppe en die pous ingevoeg is: die aartsbiskoppe (letterlik: “eerste biskoppe”). ’n Aartsbiskop het geheers oor al die biskoppe in ’n bepaalde land. Die hiërgiesse leierskapstruktuur in die weste en in die ooste het uiteindelik sy huidige vorm bereik.

#### **(3) ’n Sondige kerkgeskiedenis**

Christene moet weet dat hierdie historiese ontwikkeling “’n sondige kerkgeskiedenis” is wat deur ongeestelike kerkleiers geskep is en geen enkel Bybelse gesag of regverdiging het nie! Christene wat “nie gaan bo wat (in die Bybel) geskrywe staan” (1 Korintiërs 4:6) (ANV vertaal: “Hou jou binne die perke wat God gestel het”), verwerp hierdie historiese leierskapsontwikkeling in sowel die westerse Rooms Katolieke Kerk as die oosterse Ortodokse Kerke.

<sup>32</sup> Grieks: katholikos

## F. DIE VOORTGAANDE VORMING VAN KERKGENOOTSKAPPE (DIE PROTESTANTSE REFORMASIE) (1517)

### 1. Voorlopers van die Reformasie.

#### (1) John Wiclif (Wycliffe)(1324-1384)

Hy het in Oxford en Lutterworth in Engeland gewoon. Hy was 'n doktor in teologie en openlik gekant teen die magismisbruik van die pous. Hy het in 1381 die Bybel vanuit die Latynse Vulgaat na Engels vertaal en stryd gevoer teen die gebruik van rekwie, die beelde, die aflaatbriewe, die Roomse mis en die transsubstantiasieleer, die biege, die priesterskap, die monnikkelewe en die hiërargie van die Rooms Katolieke Kerk. Hy het gesterf voordat hy tydens die konsilie van Constanz (1415) bereg kon word. In 1417 is sy beendere opgegrawe en verbrand (omdat kettere verbrand moes word)!

#### (2) Johannes Hus (1369-1415)

Hy het in Boheme (Pole) gewoon en is beïnvloed deur die stelling van Wycliffe. Hy het stryd gevoer teen die misbruike binne die Rooms Katolieke Kerk. Sy stelling is in Praag verdoem en is self in 1415 tydens die konsilie van Constanz op die brandstapel verbrand.

### 2. Die tweede groot splitsing in die Christelike Kerk.

#### (1) Die Reformasie

Gedurende die sestiende eeu het die misstande onder die leiers in die Rooms Katolieke Kerk so groot geword dat verskillende Christene 'n reformasie binne die Rooms Katolieke Kerk op gang gesit het. Mense soos Luther (31 oktober 1517), Zwingli (1522), Calvin (1536), Knox en andere wou die Rooms Katolieke Kerk van binneuit reformeer (herstel), maar die leiers van die Rooms Katolieke Kerk van dié tyd het weerstand gebied teen die Reformasie en het vasgehou aan hulle mag.

Die 19<sup>de</sup> konsilie van Trente (1545-1549) het Luther, Calvin en andere as “kettere” veroordeel en hulle is uit die Rooms Katolieke Kerk gesit. Maar ekskommunikasie uit die kerkgenootskap van die Rooms Katolieke Kerk beteken nog nie ekskommunikasie uit die één wêreldwye Liggaam van Christus nie (1 Korintiërs 12:13)! Dit het egter in 1517 gelei tot die splitsing van die Rooms Katolieke Kerk en die Kerk van die Reformasie.

#### (2) Die nadruk van die Reformasie

Die Kerk van die Reformasie wou terugkeer na die Nuwe-Testamentiese Kerk van die eerste eeu na Christus. Terwyl die Rooms Katolieke Kerk haar identiteit en mag gesoek het in uiterlike sake, het die kerk van die Reformasie mense opgeroep tot innerlike hervorming. Die Rooms Katolieke Kerk het die nadruk gelê op die mag van die kerklike ampte (priester, biskop, aartsbiskop en pous), die sakramente en op goeie werke. Die Kerk van die Reformasie het die nadruk gelê op die Woord van God soos dit in die Bybel opgeteken staan, op die regverdiging deur geloof en die heiliging ('n veranderde lewe).

### 3. Die voortgaande opsplitsing van die Christelike Kerk in kerkgenootskappe.

#### (1) Die evangeliese beweging

Al gedurende die sestiende eeu is verskillende kerkgenootskappe in Europa, Engeland en Amerika gestig. Die enorme toename van *individualisme* in die weste het gelei tot die stigting van baie kerkgenootskappe. Omdat hierdie kerkgenootskappe menslike organisasies was, het hulle weer opgesplits in ander kerkgenootskappe. Elke kerkgenootskap het sy eie vorm van leierskap gehad.

#### (2) 'n Sondige kerkgeskiedenis

Christene moet weet dat hierdie historiese ontwikkeling “'n sondige kerkgeskiedenis” is wat deur ongeestelike kerkleiers geskep is en geen enkel Bybelse gesag of regverdiging het nie! Christene wat “nie gaan bo wat (in die Bybel) geskrywe staan” (1 Korintiërs 4:6) (ANV vertaal: “Hou jou binne die perke wat God gestel het”), verwerp hierdie historiese ontwikkeling van steeds in meer kerkgenootskappe opsplits, elk met sy eie leierskapstruktuur. God noem hierdie opsplitsing in verskillende kerkgenootskappe *vleeslik of wêreld*s. Die werklike rede vir hierdie gebrek aan eenheid is geestelike onvolwassenheid: Christene bly “kinders” (in die Geloof) wat in partyskappe (kerkgenootskappe) teen mekaar veg en onveranderde mense bly netsoos die nie-Christene in die wêreld (*Lees* 1 Korintiërs 3:1-4)!

<b>DIE NOODSAK VANDAG IS DISSIPELSKAP:</b> naamlik, CHRISTENE HELP OM VOLWASSE, FUNKSIONERENDE EN VOLHARDENDE VOLGELINGE VAN CHRISTUS TE WORD (Matteus 28:18-20)!
---

## G. DIE BELANGRIKSTE KERKGENOOTSKAPPE (DIE MODERNE PERIODE)

### 1. Die episkopale kerke.

Die episkopale kerke glo dat daar maar één ware Kerk is en dat dit “katoliek” (versprei oor die hele wêreld) is. Die sigbare plaaslike gemeentes het geen onafhanklikheid nie. Die Kerk moet 'n sigbare eenheid onder één leier in die wêreld bly. Die sigbare verenigde kerk is 'n weerspieëling van die ou Romeinse Ryk.

Die nadruk lê op die amp van biskop wat alle andere ampte omvat.

Aanhangers glo dat Christus die wêreldwye kerk lei deur middel van 'n Konsilie van biskoppe (of in die geval van die Rooms Katolieke Kerk: deur die biskop van Rome – die pous) en die plaaslike gemeentes lei deur middel van 'n biskop.

## **2. Die kongregasionele kerke.**

Die kongregasionele kerke glo dat elke plaaslike gemeente volledig kerk en heeltemal selfstandig en onafhanklik is. Die selfstandige en onafhanklike gemeentes is 'n weerspieëling van die selfstandige en onafhanklike mense in die eeu van verligting en individualisme.

Ooral waar die evangelie verkondig word, kom mense tot geloof. Die gelowiges kom dan byeen in 'n Kongregasie, d.w.s. in 'n onafhanklike plaaslike gemeente waar Christus ook teenwoordig is (Matteus 18:20). Die gemeenteleden verbind hulle vrywillig om die Bybelse roeping uit te voer. Die gemeentes word doelbewus klein gehou om *die amp van die gelowige* te benadruk. Nuwe onafhanklike gemeentes word gestig vanuit ouer onafhanklike gemeentes. Verskillende onafhanklike gemeentes kan 'n los federasie van gemeentes vorm waarin die plaaslike gemeentes volledig selfstandig bly.

Die nadruk lê op die amp van die gelovige wat tegelyk priester, profeet en koning binne sy eie kennisekring is.

Aanhangers glo dat Christus elke plaaslike gemeente lei deur die Heilige Gees, die Bybel en die algemene vergadering van die plaaslike gemeente, waarin die gelowiges alle belangrike besluite neem volgens demokratiese beginsels. Onder invloed van moderne individualisme en demokrasie kies die algemene vergadering van die plaaslike gemeente 'n *kerk komitee* wat die besluite van die algemene vergadering moet uitvoer. Die hoogste gesaghebbende liggaam is die algemene vergadering van die gemeente.

## **3. Die sinodale kerke.**

Die sinodale kerke glo dat elke plaaslike gemeente volledig kerk van Christus is, maar nie heeltemal selfstandig en onafhanklik van die ander plaaslike gemeentes is nie en dus onder 'n oorkoepelende organisasie binne 'n land of staat georganiseer hoort te word. Die oorkoepelende organisasie word 'n *sinode* (letterlik: “'n byeenkoms” van verteenwoordigers) genoem. Die sinode is 'n vergadering van oudstes/ouderslinge wat gekies is om die plaaslike gemeentes te verteenwoordig. Die sinodale kerke is 'n weerspieëling van die nasionalisme van 'n nasie of volk.

Die nadruk lê op die amp van verkose en aangestelde oudstes/ouderlinge. Oudstes/ouderlinge moet op die lokale vlak gekies word op basis van die Bybelse instruksies en moet op nasionale vlak verteenwoordig word deur 'n sinode.

Aanhangers glo dat Christus die nasionale of volkskerk op lokale vlak lei deur middel van sy Heilige Gees, die Bybel en die kerklike ampte as dominees (voorgangers), oudstes/ouderlinge en diakens en op die nasionale vlak deur middel van regionale sinodes en 'n algemene sinode.

## **4. Die onafhanklike kerke.**

Die onafhanklike kerke glo dat elke plaaslike gemeente wat ras (etnies), kultuur en organisasie (leierskap) betref heeltemal onafhanklik van ander kerke moet wees en soms dat hulle eie kerkgenootskap die (enige) juiste kerk (kerkgenootskap) vir hulle groep is. Die onafhanklike kerke is 'n weerspieëling van ras en onafhanklike groeppvorming binne hul eie kultuur. Onafhanklike kerke word dikwels gelei deur 'n charismatiese en autoritêre leier, wat dikwels ook “die stigter” of “oprigter” van die onafhanklike kerk is. Dergelike leiers maak dikwels aanspraak op buitengewone titels soos: “profeet”, “apostel”, “biskop”, “priester”, “pastor”. ens. Die lede van onafhanklike kerke dra soms klere wat hulle van ander kerke moet onderskei. Hulle het ook bepaalde onderskeidende liturgië.

Die nadruk lê aan die een kant op die taal, kultuur en onderskeidende leerstellings van die groep en aan die ander kant op die charismatiese en autoritêre leier wat homself voorgee DIE priester, DIE profeet, DIE koning, DIE apostel of DIE biskop binne sy onafhanklike kerkgenootskap te wees.

Aanhangers glo dat Christus die onafhanklike kerk lei deur middel van 'n charismaties en autoritêre leier. As sy gemeente 'n raad van bestuur het, dan keur hierdie raad of bestuur meesal alle besluite van die autoritêre leier goed. So neem sommige charismatiese kerkleiers van die onafhanklike kerke dikwels die plek van “middelaar” tussen mense en God” in.

## **5. Die presbiteriale kerke.**

De presbiteriale kerke<sup>33</sup> glo die volgende. Elke plaaslike kerk (gemeente) is:

- 'n volledige en sigbare openbaring van die Kerk van Jesus Christus (1 Korintiërs 12:27);
- volledig selfstandig en onafhanklik wat organisasie betref
- wedersyds afhanklik van ander plaaslike gemeentes wat konsultasie en samewerking betref

Die presbiteriale kerke is 'n weerspieëling van die onderrig in die Bybel. Imperialisme, individualisme, nasionalisme en rasisme mag geen invloed uitoefen nie!

<sup>33</sup> Die uitdrukking “presbiteriaal” moet nie verwar word met die Presbiteriaanse kerkgenootskap nie, netsoos die uitdrukking “katoliek” nie verwar moet word met die Rooms Katolieke kerkgenootskap nie.

Die nadruk lê op die amp van oudste/ouderling<sup>34</sup> wat gekies word op basis van die instruksies in die Bybel. 'n Plaaslike gemeente word gelei deur 'n raad van oudstes/ouderlinge<sup>35</sup>. Die nadruk lê op die amp van die gelowige. Elke gelowige is 'n priester, 'n profeet en 'n koning binne die kring van sy kennis.

Aanhangers beskou Jesus Christus as die enigste en hoogste Leier in die Kerk (Gemeente) (Efesiërs 1:20-23) en dat Hy elke plaaslike gemeente lei deur middel van sy Heilige Gees (Johannes 16:1-15), die Bybel (Efesiërs 6:17) en die raad van oudstes/ouderlinge van die selfstandige/onafhanklike kerk (gemeente) (1 Timoteüs 3:1-7,14-15). Elke plaaslike gemeente kies sy eie raad van oudstes alleen op basis van die leer van die Bybel en tydens 'n algemene vergadering van die gemeente. Dus hou die raad van oudstes/ouderlinge en die algemene vergadering van die gemeente mekaar voortdurend in balans. Die hoogste gesag is die onderrig van Christus in die Bybel. Bo alles moet die raad van oudstes/ouderlinge sorg dra dat die gesonde onderrig van die Bybel sentraal staan in die gemeente. Alleen in die tweede plek voer die raad van oudste/ouderlinge die planne en besluite van die algemene vergadering van die gemeente uit. De raad van oudstes/ouderlinge werk van harte saam met die raad van oudstes/ouderlinge van ander plaaslike gemeentes in die Liggaam van Christus.

## **H. DIE LEER VAN DIE NUWE TESTAMENT (OUDSTES/OUERLINGE IN DIE AMP).**

### **1. Die raad van oudstes/ouderlinge.**

Die Nuwe Testament leer dat 'n plaaslike gemeente nie gelei word deur 'n individu, maar deur 'n span van manne wat 'n "raad van oudstes/ouderlinge" (1 Timoteus 4:14) genoem word.

- Alle oudstes/ouderlinge (Handelingen 20:17) word "biskoppe" (opsieners) en "pastors" (herders) in ooreenstemming met hul take genoem (en nie hulle posisie nie) (Handeling 20:28)!
- Alle oudstes/ouderlinge (Titus 1:5) word "biskoppe" (opsieners)(Titus 1:7) in ooreenstemming met hul take genoem (en nie hulle posisie nie).
- Alle oudstes/ouderlinge (1 Petrus 5:1) word "pastors" (herders) en "biskoppe" (opsieners) (1 Petrus 5:2) in ooreenstemming met hul take genoem(en nie hulle posisie nie) en hulle funksioneer onder "die hoogste Herder", Jesus Christus.

Dit toon duidelik aan dat Lukas, Paulus en Petrus die uitdrukkings "oudste/ouderling", "opsiener" (biskop) en "herder" (pastor) verwisselbaar gebruik het! Ondanks wat hierdie uitdrukkings in die loop van die jare in die kerkgeskiedenis gaan beteken het en vandag nog beteken, maak die Nuwe Testament geen onderskeid tussen die woorde "oudste/ouderling", "opsiener" en "herder" nie! Daar is in die Ou Testament of die Nuwe Testament hoegenaamd geen hiërargie van leiers nie! Daar was ook nooit maar één leier wat 'n gemeente gelei het nie.

'n "Raad van oudstes/ouderlinge"<sup>36</sup> is in in elke gemeente aangestel (Handeling 14:23; Titus 1:5). Hulle het altyd uit 'n meervoud van oudstes/ouderlinge bestaan (1 Timoteüs 4:14)! Alle oudstes/ouderlinge in hierdie raad van oudstes/ouderlinge deel met mekaar alle leierskapverantwoordelikhede van die selfstandige en onafhanklike gemeente.

Leierskap in die Bybel is altyd "gedeelde leierskap" en "dienende leierskap" (Matteus 20:25-28; 1 Petrus 5:2-4)!

### **2. Die betekenis van hierdie uitdrukkings.**

Die drie uitdrukkings: oudstes/ouderlinge, herders en opsieners beskryf nie drie verskillende kerklike ampte of drie verskillende posisies in die kerk nie. Alle drie uitdrukkings verwys na één kerklik amp, naamlik, die amp van oudste/ouderling. Hulle beskryf die leiers vanuit twee gesigspunte: vanuit hul amp en vanuit hul taakomskrywing (take, funksies):

- Die uitdrukking "oudste/ouderling"<sup>37</sup> is die naam van die amp en gee uitdrukking aan sy geestelike volwassenheid, ervaring en aan die respek wat aan hom getoon word.
- Die uitdrukkings "herders"<sup>38</sup> en "opsieners"<sup>39</sup> beskryf die aard van die take van die oudstes/ouderlinge. Die oudstes/ouderlinge lei die gemeentede soos herders en hou toesig op die aktiwiteite en besittinge soos opsieners. Ook die ander uitdrukkings vir leiers in die Bybel beskryf die aard van die take van 'n oudste/ouderling: "leier" of "voorganger"<sup>40</sup> (Hebreërs 13:7,17,24), "leidinggewende" (letterlik: wat voor loop)<sup>41</sup> (Romeine 12:8; 1 Tessalonisense 5:12; 1 Timoteus 5:17) en "rentmeester", "beheerder" of "bestuurder" (letterlijk: ekonoom)<sup>42</sup> (Titus 1:7).

Die Nuwe Testament leer dat alle oudstes/ouderlinge saam die leiers van die gemeente is. Alle oudstes/ouderlinge het 'n aandeel in die *offisiële* verkondiging, onderrig, pastoraat en bestuur van die gemeente!

<sup>34</sup> Grieks: presbuteros

<sup>35</sup> Grieks: presbuterion

<sup>36</sup> Grieks: presbuterion

<sup>37</sup> Grieks: presbuteros, Engels: priester

<sup>38</sup> Grieks: poimén, Latijn en Engels: pastor

<sup>39</sup> Grieks: episkopos, Engels: bishop (beteken: opsiener)

<sup>40</sup> Grieks: hégoumenos

<sup>41</sup> Grieks: pro-istamenos

<sup>42</sup> Grieks: oikonomos

### **3. Die tydelike leierskapsan.**

Wanneer nuwe plaaslike gemeentes gestig word, bestaan die leierskapsan meestal uit 'n sendeling, 'n kerkstigter of 'n oudste/ouderling en 'n aantal Christene van 'n moedergemeente met verskillende bekwaamhede en gawes wat nodig is om die nuwe gemeente tot stand te bring (vgl. Paulus, Barnabas, Markus, Silas, Timoteus, Lukas en Titus in Handeling 13:1-5; Handeling 15:36-41; Handeling 16:6-20; 2 Korintiërs 8:23). Hierdie span mag "n kerkstigting span" of "n leierskapsan" of "n kerngroep" genoem word. Hulle behoort nie "diakens" genoem te word nie, omdat diakens alleen gekies word wanneer daar al 'n raad van oudstes/ouderlinge bestaan.

Die take van die leierskapsan of kerngroep is:

- gemeentevorming deur middel van evangelisasie, dissipelskap, pastorale sorg en toerusting van gelowiges vir verskillende take
- en leierskapsontwikkeling deur middel van toerusting van sommige mannen tot toekomstige leiers (oudstes/ouderlinge).
- Hierdie tydelike leierskapsan of kerngroep moet ontbind word sodra die eerste raad van oudstes gekies is (vgl. Handeling 14:21-23).

### **4. Gevolgtrekking.**

Leierskap in die Christelike Kerk het deur 'n baie lang en turbulente periode van ontwikkeling heen gegaan. Hierdie samevatting het NIE die bedoeling om teen die leiers van jou eie gemeente in te gaan nie!

Maar hierdie studie kan jou en jou gemeente help

**om meer Bybels te word wat "leierskap" betref.**

**En om die juiste Bybelse houding van 'n leier te bevorder,**

naamlik: "Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees;  
en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees" (Matteus 20:25-28).